**Donderdag 21 Januarie**

**Skrifgedeelte: Esegiël 18:1-2, 25-32; HK Sondag 4, Vraag 9**
**Fokusgedeelte: Esegiël 18:25**

## Geen onreg is in Hom nie

Ons het seker almal al gesien hoe ’n mens, as hy oortree het, hom probeer verontskuldig. As hy sy sondige daad nie meer kan ontken nie, probeer hy ’n uitvlug in allerlei verontskuldigings soek. Dit vind nie net in geregshowe plaas nie, maar ook in alledaagse verhoudings: kind teenoor ouer; werknemer teenoor werkgewer; vriend teenoor vriend. En die verontskuldigings verander maklik in beskuldigings en selfs onregverdige beskuldigings. Die skerpste kritiek teen die kerk kry ’n mens dikwels juis by mense wie se verhouding tot God veel te wense oorlaat. Die ergste is dat ’n mens soms selfs teenoor God so optree. Met allerlei verontskuldigings probeer hy om God se straf te ontwyk. Hy probeer selfs om God aanspreeklik te hou vir die benarde situasie waarin hy deur sy sonde beland het. Ons sien dit duidelik by die Jode in ballingskap (Eseg. 18). Hulle sê dat dit hulle ouers se skuld is dat hulle in ballingskap verkeer. Hulle het selfs ’n spreekwoord daaroor gemaak en gesê: *“Die vaders eet groen druiwe en dan word die kinders se tande stomp”* (Eseg. 18:2). Daarom doen die Here hulle ’n onreg aan deur hulle vir die sonde van hulle ouers te straf. Dit is nou in reaksie hierop dat die Here hulle antwoord: *“Julle sê: ‘Die Here tree nie reg op nie.’ Luister Israel: Tree Ek nie reg op nie? Dit is julle wat nie reg optree nie!”* En dan sê die Here dat, hoewel hulle ook deel in die straf oor hulle ouers, hulle self net so skuldig staan vir hulle eie sondes en die straf verdien wat hulle ontvang.

Sondag 4 van ons belydenis vertolk dieselfde gedagte wat daar in die tyd van Esegiël by Israel was, naamlik dat God die mens ’n onreg aandoen deur hom vir sy sonde aanspreeklik te hou. Daar word drie verontskuldigings – wat eintlik beskuldigings teen God is – genoem waardeur die mens probeer om te ontkom aan God se straf op die sonde.

Verder sal aangedui word dat daar geen grond is vir enigeen van hierdie beskuldigings nie. Wat egter hier van besondere belang is, is die skokkende optrede van die sondige mens omdat hy sy eie optrede wil verdedig en regverdig deur voor te gee dat God hom onreg aandoen. Die Skrif getuig duidelik dat God ’n God van reg is en dat daar in Hom geen onreg is nie (Deut. 32:4; Ps. 92:16). Daarom is die blote gedagte dat God die mens onreg aandoen, wesenlik sondig. Trouens, juis omdat God regverdig is, het Hy, eerder as om die sonde ongestraf te laat bly, sy Seun gestuur om te betaal vir al ons sondes en onreg sodat ons weer vrede met God kan hê.